SAKKIE BOSSE
(Die President)

+27 72 064 7373
sbosse@sportnetic.co.za
www.wrestling.org.za
1 Alan Straat, Kraaifontein
Wes Kaap, Suid Afrika

VIR ONMIDDELIKE PLASING 18/11/2019

SKOK – FOTOS VAN KINDERS WAT STOEI

Berig in Rapport van 17/11/2019

Geplaas deur Hendrik Hancke

Die Suid Afrikaanse Stoei Federasie (SASF) wil met die verklaring enige moontlike verbintenis wat mag ontstaan na aanleiding van bogenoemde berig tussen die sogenaamde “Fighting Kids” klub van Bronkhorstspruit en die SASF tersyde stel.

Daar is geen verbintenis met enige geaffilieerde SASF Stoei klub of Provinsiale Stoei liggaam en die sogenaamde “Fighting Kids” klub nie.

Die Suid Afrikaanse Stoei Federasie se beleid is dat alle afrigters wat met kinders in ‘n klub of by ‘n skool werk, moet registreer by die SASF en voldoen aan die registrasie vereistes van die SASF. Om te registreer moet ‘n afrigter in besit wees van ’n Polisie Klaringsertifikaat alvorens registrasie kan plaasvind. Die SASF beskik oor internasionale gegradeerde afrigters wat klinieke en kursusse op gereelde basis aanbied om ons afrigters te kwalifiseer om Olimpiese stoei op alle vlakke te kan afrig. Afrigters wat voldoen aan die vereistes word uitgereik met ’n SASF voldoenings sertifikaat wat slegs vir een jaar geldig is.

Die SASF beskik oor ’n baie goeie elektroniese registrasie stelsel wat kan bewys of jy ’n geregistreerde afrigter is, en beskik oor die nodige kwalifikasies en geldige dokumentere bewyse.

Ons wil dit duidelik stel dat die sogenaamde “Fighting Kids” klub, nie by die SASF geaffilieer is nie, en dat die genoemde afrigter nog nooit by die SASF as lid geregistreer was nie, en ook nie oor enige Olimpiese stoei afrigting kwalifikasie beskik nie.

Ons beveel aan dat lede van die publiek, lidmaatskap van stoeiers, afrigters en ander amptenary wat met hulle kinders werk verifieer deur dit na te gaan op ons webblad - http://wrestling.org.za/membership-verification/

Die veiligheid en welsyn van ons lede is van uiters belang vir ons as bestuur en ons wil die SA Publiek verseker dat ons alles in ons vermooi doen om ons kinders te beskerm teen voorvalle soos die.

####

Indien u meer inligting oor die registrasie stelsel van afrigters in Suid Afrikaanse Stoei federasie benodig voel vry om ons te skakel om die aangeleentheid te bespreek.

President: MHJ Bosse; Ere President: JH Taljard; Visie President: C Villet; Visie President: CJ van der Walt; Visie President: Jeanne-Marie Coetser
Sekretaris Generaal & Voorsitter Admin Raad: HN van den Berg; Tesourier: SH Bartlett; Voorsitter Beampte Raad: W Giliomee
Voorsitter Afrigters Raad: N Coetzee; Voorsitter Spanbestuurders Raad: M Luff; Voorsitter Mediese Raad: R Pieterse
Hulp Tesourier & Sekretaris General: M de Wit; Voorsitter Bemarking & Media: SA Bartlett